

Woord vir woord
deur die
Woord
van God



Wandel in die Woord

Leef deur die Gees

'n Studie van Galasiërs

Deo Gloria
Community Church Rockingham



Inhoud

Inleiding	4
Week 1 – Die Enigste Evangelie.....	7
Week 2 – Wêreldewangelisasie	15
Week 3 – 'n Lewe wat God verheerlik.....	23
Week 4 – Lewe in die belofte van die Heilige Gees	31
Week 5 – Erfgename van die belofte.....	39
Week 6 – 'n Lewe van hoop met die Heilige Gees	47
Week 7 – Wandel met God, gelei deur die Heilige Gees.....	55
Week 8 – Gees vs Vlees	63
Week 9 – Lewe deur die Gees	71

Inleiding

Die brief van Paulus aan die gemeentes in die sentrale gebied van die hedendaagse Turkye is kragtig. Hy verdedig passievol die evangelie van genade en die oproep om in die vryheid en krag van die Heilige Gees te leef. Hy spreek 'n belangrike saak aan: die aard van verlossing deur Christus alleen teenoor die nakoming van Joodse wette en gebruike. In die vroeë kerk was daar 'n teologiese spanning oor die vraag of heiden gelowiges Joodse wette, soos die besnydenis, moes volg om ten volle as deel van God se volk aanvaar te word. Nadat Paulus sy evangelie direk van Christus ontvang het (Galasiërs 1:12), verdedig hy die evangelie van genade heftig teen enige vorm van wettisme of werke-gebaseerde geregtigheid.

Die brief begin met Paulus se verbasing oor hoe vinnig die Galasiërs weggedraai het van die evangelie wat hulle die eerste keer ontvang het (Galasiërs 1:6-7). Hy beklemtoon dat die bron van sy apostoliese gesag, nie deur mense vir hom gegee is nie, maar dat dit van God af kom. Paulus se bekommernis is dat die Galasiërs mislei word deur valse leraars wat 'n

evangelie van werke eerder as genade, verkondig (Galasiërs 1:7-9).

Die konsep van regverdigmaking deur geloof staan sentraal in die boodskap van Galasiërs. Paulus argumenteer dat ons geregverdig is – reg gemaak met God – nie deur die wet te onderhou nie, maar deur geloof in Jesus Christus (Galasiërs 2:16). Hierdie fundamentele waarheid onderstreep die vryheid wat gelowiges in Christus het – 'n vryheid van die las van die eise van die wet en 'n vryheid om deur die Gees te lewe (Galasiërs 5:1, 13).

Regdeur die brief gebruik Paulus sy persoonlike ervarings en teologiese argumente om die transformerende krag van die evangelie te illustreer. Hy doen 'n beroep op die Galasiërs se eie ervarings om die Heilige Gees te ontvang en wonderwerke onder hulle raak te sien as bewys dat God deur geloof werk (Galasiërs 3:1-5).

Paulus beklemtoon die vrug van die Gees – liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing (Galasiërs 5:22-23) – as die tekens van 'n lewe onder leiding van die Gees teenoor 'n lewe wat gelei word deur vlees. Hy moedig gelowiges aan om mekaar se

laste te dra en diegene wat in sonde vasgevang is, met 'n gees van sagmoedigheid en nederigheid te herstel (Galasiërs 6:1-2).

Terwyl ons Galasiërs bestudeer, bid ons dat ons as kinders van God sal groei in ons begrip van God se genade, ons geloof in Christus se voltooide werk aan die kruis sal verdiep en die vryheid en verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan om kinders van God te wees, sal ontdek. Mag ons deur hierdie studie nog meer na die beeld van Christus verander en toegerus word om die ware evangelie met vrymoedigheid in ons lewens en in die gemeenskap te verkondig.

Deo Gloria!
Aan God al die eer

Week 1 – Die Enigste Evangelie

GEHEUEVERS – Galasiërs 1:3-5 – Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus, wat Homself vir ons sondes gegee het om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en so die wil van God ons Vader te volbring. Aan God kom die heerlijkheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

Inleiding tot hierdie week se studie

Paulus hanteer 'n kritieke saak wat die gemeentes in Galasië bedreig het, naamlik die infiltrasie van valse leringe wat die boodskap van Christus verdraai het. Hy bevestig dat hy deur God as apostel aangestel is en nie deur mense nie. Hy is verbaas oor hoe vinnig die Galasiërs weggedraai het van die ware evangelie wat hy verkondig het. Paulus se taal is dringend en kompromisloos, hy gaan so ver om 'n vloek uit te spreek oor enigiemand – selfs 'n engel – wat 'n ander evangelie verkondig. Hy beklemtoon die belangrikheid daarvan om die suiwerheid en waarheid van die evangeliebodskap te handhaaf wat gesentreer is op redding uit genade deur geloof in Jesus Christus alleen.

DAG 1 – Die Bron van die Evangelie

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 1:1-5 en 1 Korintiërs 15:8-10

Hoe bevestig Paulus sy gesag as apostel in hierdie verse?

Lys die sleutelemente van die evangelie wat Paulus in verse 3-5 beklemtoon het. Wat beteken elkeen van hierdie elemente vir jou?

Gebed

DAG 2 – Paulus se persoonlike getuienis

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 1:13-16a en Filippense 3:4-6


Hoe beskryf Paulus sy vorige lewe in Judaïsme? En hoe beskryf hy God se optrede in sy lewe?

Wat was die doel van God se openbaring aan Paulus?
Wat dink jy is God se doel met jou?

Gebed

DAG 3 – Die onafhanklikheid van die evangelie

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 *Galasiërs 1:16b-20, Handeling 9:26-30 en 2 Petrus 3:15-16*

Wat het Paulus nie onmiddellik na sy bekering gedoen nie? Waarom dink jy was dit vir Paulus belangrik om hierdie punt te beklemtoon?

Wat beteken hierdie gedetailleerde historiese weergawe van sy optrede vir jou geloof? Waarom was dit nodig dat Paulus die lesers verseker dat wat hy skryf die waarheid is?

Gebed

DAG 4 – Verheerlik God

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 1:21-24 en 1 Korintiërs 15:9-10


Wat was die reaksie van die Judese kerke op Paulus se bekering? Wat is jou reaksie op mense se bekering?

Op watter maniere kan 'n veranderde lewe as 'n kragtige getuienis van die Evangelie dien? Op watter manier kan jou lewe 'n getuienis van die Evangelie wees?

Gebed

DAG 5 – Die Enigste Evangelie

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 *Galasiërs 1:6-9 en 13-16, 2 Korintiërs 5:17 en Romeine 12:1-2*

Waarom is dit van kardinale belang om die suiwerheid van die evangelieboodskap in stand te hou? Hoe sal jy vandag onderskei tussen die ware evangelie en valse leringe?

Hoe wys Paulus se getuienis die krag van die evangelie? Op watter maniere het die evangelie jou eie lewe verander?

Gebed



KLEINGROEPBESPREKING



Gebed



Lees: *Bybelverse met elke vraag*

Besprekingsvrae

Lees Galasiërs 1:6-7 en 2 Korintiërs 11:3-4. Wat bedoel Paulus met "'n ander evangelie"? Hoe kan ons "verskillende evangelies" in ons moderne konteks teëkom?

Lees Galasiërs 1:13-16 en 2 Korintiërs 5:17. Hoe vertoon Paulus se getuienis die krag van die ware evangelie? Deel met die groep hoe die evangelie jou eie lewe verander het.

Lees Galasiërs 1:8-9 en 1 Johannes 4:1-3. Waarom is dit van kardinale belang om die suiwerheid van die

evangelieboodskap in stand te hou? Hoe kan ons vandag onderskei tussen ware en valse leringe?

Lees Galasiërs 1:10 en 1 Tessalonisense 2:4-6. Paulus sê hy probeer nie mense behaag nie, maar God. Hoe kan ons verseker dat ons aanbieding van die evangelie getrou bly aan God se Woord eerder as om voorsiening te maak vir menslike voorkeure?

Sluit in gebed

Week 2 – Wêreldewangelisasie

GEHEUEVERS – Matteus 28:19-20 – Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

Inleiding tot hierdie week se studie

Hierdie week leer ons hoe die evangelie wêreldwyd gegroei het en moet groei. Paulus besoek Jerusalem en ontmoet die apostels. Ons leer belangrike beginsels van hoe die vroeë kerk wêreld ewangelisasie benader het. Dit gaan ons ook leer wat ons visie vir wêreldewangelisasie behoort te wees. Ons sal leer van die belangrikheid van:

- eenheid onder gelowiges
- die werk van Titus op die eilande
- die erkenning van God se werk oor kulture heen
- strategiese benaderings tot sending
- en die integrale rol van lidmate wat volwasse is en 'n gesindheid het om die evangelie verder te vat.

DAG 1 – Eenheid in die Evangelie

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 Galasiërs 2:1-5

Wie was Paulus se gehoor in Jerusalem, en vir wie was Paulus se prediking voordat hy in Jerusalem aangekom het? Waarom was Paulus in Jerusalem?

Hoe kan ons eenheid met ander gelowiges behou terwyl ons getrou bly aan die kernboodskap van die Evangelie?

Gebed

DAG 2 – Titus en die Woord

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 2:1-3, Titus 1:1-5 en Titus 2:1-7

Wie was saam met Paulus toe hy Jerusalem toe gegaan het?

Watter lesse leer ons oor Titus en Sy bediening? Hoe kan ons dit in ons kerk implementeer?

Gebed

DAG 3 – Die Evangelie vir almal

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 2:7-9 en Handeling 9:15


Die evangelie vir die onbesnedenes en die evangelie vir die besnedenes is onderskeidelik aan Paulus en Petrus toevertrou. Wat leer die verdeling van sendingvelde tussen Paulus en Petrus (heidene en Jode) ons van strategiese denke in wêreldevangelisasie?

Paulus noem Jakobus, Sefas (Petrus) en Johannes het die genade wat aan hom gegee is, erken en die bediening uitgebrei. Op watter maniere kan ons God se werk vandag in verskillende kulturele kontekste herken en ondersteun?

Gebed

DAG 4 – Groei van die evangelie

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 Galasiërs 2:9 en Efesiërs 4:11-14

Op watter maniere kan jy by die uitbreiding van die evangelie betrokke wees?

Watter opleiding en toerusting het jy nodig om 'n gerespekteerde pilaar en 'n volwasse gelowige te kan wees wat toegerus is vir bediening in ons kerk?

(Nadat jy dit biddend oorweeg het, stuur 'n e-pos aan peet@deogloria.org.au / nathan@deogloria.org.au met jou toerustingsbehoefte)

Gebed

DAG 5 – Die Evangelie in jou hande

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Matteus 28:19-20

Skryf die name neer van mense in jou lewe vir wie jy kan bid en met wie jy die evangelie kan deel:

Op watter maniere kan God jou as instrument in God se hand gebruik om die kerk in Turkye of Bali deur ons kerk se sendingbediening te seën?

Gebed



KLEINGROEPBESPREKING



Gebed



Lees: *Galasiërs 2:1-10, Matteus 28:19-20, Matteus 24:14*

en Psalm 96:3

Besprekingsvrae

Watter beginsels oor wêreldewangelisasie leer ons uit hierdie gedeeltes?

Wie se verantwoordelikheid is dit om die evangelie te versprei? Gee redes vir jou antwoorde. Wat leer die verdeling van sendingvelde tussen Paulus en Petrus (heidene en Jode) ons van strategiese denke in wêreldewangelisasie?

Op watter maniere kan jy persoonlik bydra tot die verspreiding van die evangelie wêreldwyd?

Watter opleiding en toerusting het jy nodig om 'n gerespekteerde en 'n volwasse gelowige te kan wees wat toegerus is vir bediening in ons kerk?

Spandeer tyd om te bid vir wêreldwye groei in die evangelie. Vra God om leiers op te rig, deure in onbereikte gebiede oop te maak en die nodige hulpbronne te voorsien vir die werk van die evangelie regoor die wêreld.

Sluit in gebed

Week 3 – 'n Lewe wat God verheerlik

GEHEUEVERS – *Galasiërs 5:6 – In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot daad oorgaan.*

Inleiding tot hierdie week se studie

In die brief aan die gemeentes in Galasië begin Paulus onmiddellik met sy redes vir sy skryfwerk. Sommige van die gelowiges in Galasië het sy outoriteit bevraagteken. 'n Groep bekend as die Judaïseerders het probeer om diegene wat in Christus glo, te oorreed, nadat hulle die evangelie van Paulus gehoor het, dat hulle nie werklik gered is nie. Die Judaïseerders het gesê hulle moet ook die Wet van Moses volg. Paulus was woedend toe hy hoor dat sommige van die Galásiese Christene dit begin glo het. Paulus staan op die waarheid dat verlossing deur God se genade alleen kom deur geloof alleen in Christus se betaling vir ons sonde aan die kruis

DAG 1 – Geregverdig deur geloof

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 Galasiërs 2:15-21

Wat sê hierdie verse oor – Hoe ons **nie** voor God geregverdig (reg met God) word nie?

Wat sê hierdie verse oor – Hoe **kan** ons geregverdig (reg met God) word?

Gebed

DAG 2 – Die Christen se verhouding met die wet

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 *Galasiërs 2:15-21*

Wat sê hierdie verse oor – die verhouding van Christene tot die wet?

Wat is die gevolge daarvan om terug te gaan na die onderhouding van die wet?

Gebed

DAG 3 – Om vir God te lewe

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 2:19

Wat het met Paulus gebeur in vers 19 om die wet te probeer onderhou?

Wat het Paulus ophou doen?

Gebed

DAG 4 – Christus wat in ons woon

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 2:20

Wat verstaan jy van Paulus se woorde "My ou self?"

Hoe is dit van toepassing in jou lewe?

Gebed

DAG 5 - Die belangrikheid van God se genade

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 *Galasiërs 2:21*

Hoe belangrik is die genade van God vir heidene?

Wat is die verskil tussen genade vir 'n Jood en genade vir 'n heiden?

Gebed



KLEINGROEPBESPREKING



Gebed



Lees: *Galasiërs 2:15-21*

Besprekingsvrae

'n Oorgrote meerderheid mense glo steeds in God. Bespreek hoe die meeste mense dink hulle in 'n regte verhouding met God kan kom.

In verse 15-16 beklemtoon Paulus dat regverdigmaking kom deur geloof in Christus, nie deur werke van die wet nie. Hoe beïnvloed hierdie fundamentele waarheid ons verstaan van verlossing en ons verhouding met God?

Aan die begin van jou Christelike lewe – watter plek het die onderhouding van die wet in jou lewe gehad?

Watter plek het die wet **later in** jou Christelike lewe
- is daar enige verandering?

Hoe vorm Paulus se stelling "Christus leef in my"
(v.20) ons begrip van die Christelike lewe? Wat is die
praktiese implikasies van hierdie werklikheid?

Sluit in gebed

Week 4 – Lewe in die belofte van die Heilige Gees

GEHEUEVERS - Galasiërs 3:14 - Daardeer kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het.

Inleiding tot hierdie week se studie

In hierdie week se studie fokus ons op die verskil tussen om onder die wet te lewe en deur geloof in die belofte van die Heilige Gees te leef. Ons sal die verhouding tussen die wet, wat sy vervulling in Christus vind, geloof en die belofte wat aan Abraham gegee is, ondersoek. Dit sal ons help om die betekenis van Christus se verlossingswerk te verstaan en hoe dit ons in staat stel om die beloofde Heilige Gees te ontvang. Ons sal kyk hoe hierdie waarhede vandag op ons lewens van toepassing is, en ondersoek hoe ons deur geloof in Christus en deur die krag van die Heilige Gees kan leef, eerder as om op ons eie pogings te vertrou om geregtigheid te bereik. Aanvaar jy die Gees se werk in jou lewe?

DAG 1 – Dwaasheid vs geloof

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 3:1-6 en Efesiërs 1:13-14


Waarom noem Paulus die Galasiërs "dwaas"? Wat het hulle gedoen wat so 'n sterk teregwysing geregverdig het?

Wat veroorsaak dat gelowiges "met die Gees begin en op die ou end in die vlees lewe?"

Gebed

DAG 2 – Die wet en geloof

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 Galasiërs 3:7-12.

Wat is die verskille tussen die wet en geloof? Maak 'n lys.

Kan jy 'n tyd in jou lewe onthou toe jy onder druk gevoel het om God se aanvaarding deur jou daade te verdien? Hoe het jou begrip van 'n lewe deur geloof jou verhouding met God en jou daaglikse lewe beïnvloed?

Gebed

DAG 3 – Geloof in Christus

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 3:13-14, Deuteronomium 27:26, Romeine 6:23 en Romeine 5:20-21.


Waarvan het Christus ons verlos, wat sou die gevolge gewees het as dit nie vir Christus was nie? **Wartoe** het Christus ons, volgens Galasiërs 3:14 en Romeine 5:20-21, losgekoop? Wat is vir ons belowe?

Lees weer Galasiërs 3:14. Watter praktiese stappe kan jy neem om meer oop te wees vir die Heilige Gees se werk in jou lewe? Hoe kan dit jou besluitneming, verhoudings of daaglikse roetines beïnvloed?

Gebed

DAG 4 – Die Wet, geloof, Christus en die Gees

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 *Galasiërs 3:15-16, Romeine 4:16 en Genesis 22:17-18*

Wie is die "saad" waarna in Galasiërs 3:16 verwys word, en waarom is dit belangrik om die belofte van die Heilige Gees te verstaan?

Hoe kan jy in jou daaglikse lewe jou gedagtes en optrede prakties meer op Christus fokus? Watter spesifieke gewoonte of praktyk kan jy hierdie week aanvaar om Jesus aan die voorpunt van jou geloof te hou?

Gebed

DAG 5 – Die belofte in die praktyk

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 3:10-12, 13-14 en Johannes 14:15-21

Hoe kan ons verseker dat ons deur geloof leef en nie op ons eie werke vertrou om die Heilige Gees te ontvang nie?

Hoe kan jy die boodskap van die belofte van die Heilige Gees met ander deel?

Gebed



KLEINGROEPBESPREKING



Gebed



Lees: *Galasiërs 3:1-22*

Besprekingsvrae

Vind jy dat jy daarop staatmaak om reëls of tradisies te volg om “reg te wees” met God, eerder as op die belofte van Christus en die Heilige Gees? Hoe daag hierdie gedeelte daardie ingesteldheid uit?

Hoe verstaan jy die verhouding tussen geloof en die wet in jou eie geestelike lewe?

Watter goed kan ons in plek stel om te verseker dat ons deur geloof lewe en nie op ons eie werke vertrou om die Heilige Gees te ontvang nie?

Hoe verstaan jy die belofte van die Heilige Gees wat aktief by jou daaglikse lewe betrokke is? Kan jy ervarings deel waar jy die Gees se werk in jou lewe gesien het as gevolg van geloof?

Sluit in gebed

Week 5 – Erfgename van die belofte

GEHEUEVERS – *Galasiërs 3:28 – Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één.*

Inleiding tot hierdie week se studie

Paulus begin hierdie hoofstuk deur die Galásiese Christene dwaas te noem omdat hulle valse leringe glo. **Eerstens** praat Paulus oor hoe die gelowiges in Galasië na Christus toe gekom het. Hulle het nie net “gesien” hoe Christus in Paulus se lering gekruisig is nie, hulle het eerstehands die koms van die Heilige Gees beleef nadat hulle geglo het. **Tweedens** begin Paulus die Skrif aanhaal. Miskien sal die Galasiërs oortuig word uit dieselfde dele van God se Woord wat die Judaiseerders verdraai om hulle te mislei. **Laastens** bied Paulus aan die Galasiërs 'n regsargument aan. Verbonde (kontrakte) is regsdokumente. Die verbond wat God met Israel gesluit het, wat in die Wet opgeteken is, het nie die verbond wat Hy met Abraham gesluit het, ongedaan gemaak nie. Die beloftes van daardie verbond het van krag gebly tot die koms van Jesus. Nou is almal wat deur geloof na Christus gekom het, geregtig om deel te hê aan daardie erfenis, insluitend nie-Joodse mense wat as heidene bekend staan.

DAG 1 – Die weg van die wet

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 3:24 en Romeine 7:7-12

Wat sê Paulus is die doel van die wet? (Galasiërs 3:19 en 24.)

Wat bedoel Paulus deur te sê dat die wet ons "voog" was totdat Christus gekom het? Hoe help dit ons om die doel van die wet te verstaan om die rol van geloof in Christus te verstaan?

Gebed

DAG 2 – Die Weg van Geloof

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 3:25 en Efesiërs 2:8-10

Wat verstaan jy van die weg van geloof (vers 25)?
Hoekom het ons nie meer die wet as voog nodig nie?

Wat beteken dit om "kinders van God deur geloof" te wees? Hoe beïnvloed jou identiteit as God se kinders jou daaglikse lewe?

Gebed

DAG 3 – In Christus

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 3:26-27 en Romeine 6:3-4

Hoe verstaan jy die konsep om jouself “met Christus te bekleë” (1953-vertaling)? Op watter maniere moet "om Christus aan te trek" in jou lewe sigbaar wees?

Hoe is ons in Christus verenig (3:27)?

Gebed

DAG 4 – Een in Christus Jesus

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 3:28 en Kolossense 3:11-14

As daar nie meer Jode, heidene, slaaf of vry is nie – waar behoort ons dan? Waar sien jy jouself (persoonlik)?

Hoe daag hierdie eenheid in Christus kulturele norme uit, beide in Paulus se tyd en ons s'n? Op watter maniere kan jy dit bevorder en uiteleef?

Gebed

DAG 5 - Erfgename

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 3:29 en Romeine 8:16-17

Wat maak ons erfgename van Abraham? Wat was God se belofte aan Abraham? Hoe beïnvloed hierdie belofte jou?

Hoe moet jou status as erfgenaam jou perspektief op die lewe en die ewigheid beïnvloed?

Gebed



KLEINGROEPBESPREKING



Gebed



Lees: *Galasiërs 3:23-29*

Besprekingsvrae

Paulus skakel hierdie verse van "ons" oor om van "julle" te praat. Na wie verwys "**ons**" ? Na wie verwys "**julle**"? Waarom is die "ons" en "julle" belangrik in die konteks van die gedeelte en vir vandag?

Noudat die wet nie meer, as voog, in werking is nie, wat doen dit aan die hindernisse tussen Jode en heidene en hoe raak dit ons Christelike lewe?

Lees Efesiërs 2:14-16. Hoe daag Paulus se stelling oor eenheid in Christus (Galasiërs 3:28) die norme

van ons samelewing uit, beide in Paulus se tyd en ons s'n?

Lees Romeine 4:16-17. Wie kan nou een van Abraham se "nakomelinge" wees en hoe? Wat beteken dit om in "Abraham se nageslag te wees, erfgename volgens die belofte" (Galasiërs 3:28)?

Sluit in gebed

Week 6 – 'n Lewe van hoop met die Heilige Gees

GEHEUE VERS - *Galasiërs 5: 1^a - Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het*

Inleiding tot hierdie week se studie

Paulus skryf hierdie brief aan die Galasiërs met drie sleutel gedagtes: dat terwyl hy op 'n normale dag “werk toe gegaan het,” het hy 'n persoonlike ontmoeting met God gehad. Verder dat die evangelie gelowiges regverdig, nie werke of rituele nie, en dat die Heilige Gees ons voortdurend in staat stel om met God te wandel. Een spesifieke studie sê dat Paulus dit wat sendelinge onakkuraat in die Galasiërs se geloof oorgedra het, ongedaan gemaak het; naamlik dat die navolging van Joodse gebruike mense vir God meer aanvaarbaar maak. Hy het hierdie perspektief teengewerk deur te beklemtoon dat gehoorsaamheid aan God deur 'n direkte verhouding deur die Heilige Gees tot ware vryheid lei. Ons God maak mense vry vanweë Sy bevrydende eienskappe, Sy vrygewigheid en Sy liefdevolle ewige plan.

Nou is die Here die Gees en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid- 2 Korintiërs 3:17.

DAG 1 – Vryheid versus slawerny

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 5:1 en 2 Korintiërs 3:17

Is jou/die mensdom se vryheid vir God belangrik?
Hoekom? Hoekom nie?


Hoe maak die Heilige Gees 'n 2000 jaar oue kruisigingsgebeurtenis vir jou relevant?

Met die prys wat Jesus aan die kruis betaal het, hoe vry is jy vandag? Hoekom, hoekom nie?

Gebed

DAG 2 – Sny dit uit!

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 Galasiërs 5:2 en Genesis 17

God het Sy verbond met Abraham gesluit deur die besnydenis, waarom sê Paulus dat dit nou oorbodig is?


Is daar 'n soortgelyke boodskap in die besnydenis en die kruisiging? Verduidelik.

Weerspreek God Homself of bou Hy op vorige lae van gevestigde waarheid?

Gebed

DAG 3 -Liefde verander alles

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 *Galasiërs 5:5-6 en 22-23a*


Waarom verontagsaam Paulus alle pogings om geregtigheid deur werke, vir die gemeente in Galasië te verkry?

Is daar 'n verskil tussen iemand wat volgens 'n wet/beleid leef in vergelyking met iemand wat deur liefde gedryf word? Dink aan mense wat 'n voorbeeld is van die lewe deur liefde. Wat dryf jou?

Gebed

DAG 4 – Hardloop om te wen

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 Galasiërs 5:7-9 en 1 Korintiërs 9:19-27

Hoe goed dink jy hardloop jy jou geestelike wedloop?

Wankel Paulus in Sy geloof wanneer hy sê dat hy alles vir alle mense word?

Hoe kan die Heilige Gees jou help om “jou wedloop” op so 'n manier te hardloop dat jy nie jou waardes prysgee nie, maar eerder dat dit jou impak verhoog?

Gebed

DAG 5 - Vryheid gee onderdrukkers aanstoot

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 5:10-12, Eksodus 5:2 en 12:34

Die Israeliete is gered van Farao met “ongesuurde deeg.” Waarom is dit belangrik om dit te verstaan en is dit relevant vir ons? Waarom het Farao nie 'n gees van vryheid gehad nie?

Hoe onderskei jy in jou eie lewe tussen ware geestelike vryheid en valse leringe wat aantreklik mag lyk? Kan jy 'n spesifieke voorbeeld noem van 'n tyd toe jy so 'n onderskeid moes tref?

Gebed



KLEINGROEPBESPREKING



Gebed



*Galasiërs 5:1-12, 1 Korintiërs 9:19-27 en
2 Korintiërs 3:17*

Besprekingsvrae

Hoe maak die Heilige Gees 'n 2000 jaar oue kruisigingsgebeurtenis vir jou relevant?

Hoe kan die Heilige Gees jou help om 'jou wedloop te hardloop' op so 'n manier dat jy nie jou waardes in gedrang bring nie, maar eerder dat jy jou impak verhoog?

Waarom wou Farao nie toelaat dat die Israeliete “vry” wees nie en is dit enigsins 'n weerspieëling van ons huidige omgewing in Australië?

Hoe balanseer ons ons vryheid in Christus met ons verantwoordelikheid om ander lief te hê en hulle nie te laat struikel nie? Kan jy aan 'n spesifieke situasie dink waar hierdie balans uitdagend is?

Sluit in gebed

Week 7 – Wandel met God, gelei deur die Heilige Gees


GEHEUEVERS – *Galasiërs 5:14* – *Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”*

Inleiding tot hierdie week se studie

Die karakter van 'n liefdevolle God is om die mensdom wat in sonde geval het op te tel en weer tot hulle vorige posisie te herstel. Wanneer iemand 'n katastrofiese val gehad het, het hulle ernstige rehabilitasie nodig, wat kan insluit om weer te leer loop, praat en selfs te eet. Hierdie fisiese vergelyking is hoe die mens geestelik geval het, en ons moet leer hoe om 'n lewe van gemeenskap met God te leef deur die rehabilitasie van die Heilige Gees. God wil hê dat ons met Hom moet wandel, met Hom moet praat, met Hom moet wees en die vrugbaarheid van ons verhouding met Hom moet geniet. Laat die Heilige Gees toe om jou in staat te stel om 'n lewe te lei wat waardig is volgens die roeping wat jy in Christus ontvang het.

DAG 1 – Roep alle passasiers...

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 *Galasiërs 5:13 en Efesiërs 4:1*

Nie net predikante en sendelinge word geroep nie; ons is almal deur God geroep. Geroep om vry te wees. Besin hieroor.

As Christus jou geroep het om vry te wees, hoe kan jy op 'n waardige wyse op Sy roeping reageer?

Hoe stel Paulus voor dat ons ons vryheid van die Wet en ons verantwoordelikheid teenoor die Gees balanseer?

Gebed

DAG 2 – Wandel as 'n dienaar van liefde

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 *Galasiërs 5:13*

Waarom is dit 'n teken van onvolwassenheid as jy reëls nodig het om jou optrede te beheer?

Waarom word daar van ons verwag om diegene rondom ons in nederigheid en liefde te dien?

Kry ten minste een idee vir hoe jy vandag iemand in liefde kan dien. Skryf dit neer en probeer dit vandag doen.

Gebed

DAG 3 – Jesus vervul die Wet

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 5:14 en Matteus 5:17


Jesus het gesê dat Hy nie gekom het om die wet te verontagsaam nie, maar om dit te vervul. Hoe is dit vir ons 'n voorbeeld om die wet te vervul?

As Abraham gebruik word as 'n voorloper van ons potensiaal om met God in n verhouding te wees, hoe moet ons onberispelik voor God wandel?

Gebed

DAG 4 – Ons lewenswandel sluit ander in

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 *Galasiërs 5:14 en Genesis 17:1-8*


Hierdie wet is omstreeks 1300 vC vir die eerste keer (in Levitikus) neergepen. Wat beteken dit om jou naaste lief te hê?

Dink aan jou tipiese week. Wat is 2-3 spesifieke maniere waarop jy liefde aan jou naaste kan betoon (beide letterlike bure en diegene met wie jy interaksie het) wat jy nie tans doen nie? Hoe kan die implementering van hierdie aksies jou verhoudings of die gemeenskap verander?

Gebed

DAG 5 - Byt die hand wat jou voed

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 *Galasiërs 5:15, Matteus 26:26-28 en Johannes 6:53-58*

Wat beteken dit om die “liggaam” van Jesus te eet? Waarom het die dissipels in die eerste eeu dit so 'n moeilike gevind om dit te begryp?

Dink aan jou onlangse interaksies met medegelowiges. Was daar enige gevalle waar jy betrokke was met "byt en verslind" gedrag (soos skinder, harde kritiek of verdelende optrede)? Hoe kan jy hierdie gedrag aanspreek en verander?

Gebed



KLEINGROEPBESPREKING



Gebed



Galasiërs 5:13-15, Matteus 5:17 en Johannes 6:53-58

Besprekingsvrae

Nie net predikante en sendelinge word geroep nie; ons is almal deur God geroep. Wat beteken dit vir jou dat ons geroep is om vry te wees. Bespreek.

Hoe kan jy mense, in jou direkte kring van invloed, in nederigheid en liefde dien? Wat sal die vrug hiervan wees as jy dit effektief doen?

Jesus het gesê dat Hy nie gekom het om die wet te oortree nie, maar om dit te vervul. Hoe moet ons die wet nakom?

Wat kan ons doen om te verhoed dat die verkeerde mense ons 'voed'? Hoe word ons prakties deur Christus volgens die Skrif 'gevoed'?

Sluit in gebed

Week 8 – Gees vs Vlees

GEHEUEVERS - *Galasiërs 5:17a* - *Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer.*

Inleiding tot hierdie week se studie

Paulus spoor die Galasiërs en alle gelowiges aan om "deur die Gees te wandel". Die Gees van God lei gelowiges om in geregtigheid en godsvrug te leef. Daarteenoor simboliseer die vlees ons sondige natuur, geneig tot selfsugtige begeertes en optrede wat God se wil teenstaan. Paulus beklemtoon dat hierdie twee magte voortdurend in opposisie teen mekaar staan en verseker dat ons nie altyd doen wat ons van plan is om te doen nie. Hierdie stryd is nie net 'n eksterne konflik nie, maar 'n interne een wat onderskeiding en vertroue op die Gees se krag vereis. Om die gevolge van oorgawe aan die begeertes van die vlees te illustreer, bied Paulus 'n skrilte kontras tussen die "werke van die vlees" en die "vrug van die Gees". Die werke van die vlees, noem hy, is sigbaar en vernietigend, wat lei tot verdeeldheid, onsedelikheid en geestelike dood.

DAG 1 – Wandel deur die Gees

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 5:16-18 en Romeine 8:5-8

Wat bedoel Paulus met "wandel deur die Gees"? Hoe kan ons dit prakties in ons daaglikse lewe toepas?

Hoe verhoed wandel deur die Gees dat ons die begeertes van die vlees bevredig?

Gebed

DAG 2 – Die werke van die vlees

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 5:19-21 en Kolossense 3:5-9

Waarom dink jy gee Paulus so 'n gedetailleerde lys van die werke van die vlees? Hoe manifesteer hierdie werke van die vlees in ons moderne samelewing?

Wat bedoel Paulus as hy sê dat diegene wat sulke dinge beoefen, "die koninkryk van God nie sal beërwe nie?" Wat is die praktiese implikasies vir jou lewe?

Gebed

DAG 3 – Die innerlike stryd

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 5:17 en Romeine 7:15-25

Hoe beskryf Paulus die konflik tussen die Gees en die vlees? Hoe help die verstaan van hierdie konflik ons in ons Christelike lewenswandel?

Op watter maniere het jy hierdie interne stryd in jou eie lewe al ervaar?

Gebed

DAG 4 - Vryheid in Christus

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 5:16,18 en Johannes 8:31-36

Hoe hou wandel deur die Gees verband met die konsep van vryheid in Christus? Waarom beklemtoon Paulus dat ons nie onder die wet is as ons deur die Gees gelei word nie?

Hoe kan ons ware vryheid ervaar terwyl ons ook in gehoorsaamheid aan God leef?

Gebed

DAG 5 – Oorwin die vlees

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 5:16-21 en Efesiërs 6:10-18

Watter praktiese stappe kan jy neem om "deur die Gees te wandel" en die begeertes van die vlees te weerstaan?

Spandeer tyd in gebed en vra God om jou te vergewe vir jou sondige begeertes en vra God om jou te leer om in die Gees te wandel.

Gebed



KLEINGROEPBESPREKING



Gebed



Lees: *Galasiërs 5:16-21*

Besprekingsvrae

Lees Galasiërs 5:16 en Romeine 8:5-6. Wat bedoel Paulus met "wandel deur die Gees". Hoe kan ons hierdie konsep prakties in ons daaglikse lewe toepas?

Lees Galasiërs 5:17 en Romeine 7:15-20. Hierdie verse beskryf 'n konflik tussen die Gees en die vlees. Hoe ervaar jy hierdie stryd in jou eie lewe? Hoe help die verstaan van hierdie konflik ons in ons Christelike lewenswandel?

Lees Galasiërs 5:19-21 en Kolossense 3:5-9. As ons na die lys van die werke van die vlees in Galasiërs 5:19-21 kyk, hoe manifesteer dit in ons moderne samelewing? Watter impak het hierdie dinge in jou lewe en hoe kan ons die begeertes van die vlees oorwin?

Waarom dink jy neem Paulus so 'n ernstige toon aan? Hoe kan ons mekaar liefdevol in ons Christelike gemeenskap waarsku en aanmoedig om hierdie slaggate te vermy?

Sluit in gebed

Week 9 – Lewe deur die Gees

GEHEUEVERS – *Galasiërs 5:25 – Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.*

Inleiding tot hierdie week se studie

Paulus gee aan gelowiges 'n pragtige beskrywing van die Christelike lewe wat in skrilte kontras staan met die werke van die vlees. Galasiërs 5:22-26 bied ons die vrug van die Gees aan – 'n mooi beeld van die karaktertrekke wat natuurlik na vore kom wanneer ons die Heilige Gees toelaat om ons lewens te lei en te verander. In die vorige week se studie het ons gelees van die vernietigende aard van lewe volgens ons sondige natuur. Hierdie week se studie vestig ons aandag op die positiewe uitkoms van 'n lewe wat deur die Gees gelei word. Die vrug van die Gees is die natuurlike effek van 'n lewe wat oorgegee is aan God se transformerende krag. Paulus noem nie maar net hierdie eienskappe nie. Hy beklemtoon verder die praktiese implikasies van 'n lewe deur die Gees, insluitend die behoefte om ons sondige natuur met sy hartstogte en begeertes te kruisig. Hy herinner ons daaraan dat as ons deur die Gees lewe, ons ook in pas moet bly met die Gees en ons optrede in lyn moet bring met die geloof wat ons bely.

DAG 1 – Die Vrug van die Gees – Liefde, Vreugde en Vrede

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 5:22-23 en 1 Korintiërs 13:4-7

Hoe help Paulus se beskrywing van liefde in 1 Korintiërs 13 ons om liefde as 'n vrug van die Gees te verstaan?

Op watter maniere verskil vreugde en vrede van blote geluk of die afwesigheid van konflik? Hoe kan jy hierdie eerste drie aspekte van die vrug van die Gees in jou daaglikse lewe toepas?

Gebed

DAG 2 – Die vrug van die Gees – Geduld, Vriendelikheid en Goedheid

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 5:22-23 en Kolossense 3:12-14

Waarom dink jy word geduld ingesluit as 'n vrug van die Gees? Hoe hou dit verband met ons verhoudings met ander?

In watter situasies vind jy dit die uitdagendste om hierdie eienskappe uit te vertoon? Hoe kan die Heilige Gees jou help?

Gebed

DAG 3 – Die Vrug van die Gees – Getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 5:22-23 en 2 Petrus 1:5-8

Hoe hou getrouheid as vrug van die Gees verband met jou geloof in God? Op watter maniere kan sagmoedigheid 'n kragtige getuie in ons huidige kultuur wees?

Waarom word selfbeheersing laaste in die lys geplaas? Hoe ondersteun dit die ander aspekte van die vrug? Hoe kan die Heilige Gees jou help om selfbeheersing te hê?

Gebed

DAG 4 - Kruisiging van die sondige natuur

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:



Galasiërs 5:24 en Romeine 6:6-14


Wat bedoel Paulus met "kruisiging van die sondige natuur"? Hoe hou ons eenheid met Christus in Sy dood en opstanding (Romeine 6) verband met hierdie konsep?

Watter praktiese stappe moet jy neem om jou sondige natuur daaglik te "kruisig"?

Gebed

DAG 5 – Bly in pas met die Gees

Lees die volgende Skrifgedeeltes 'n paar keer, let op die omstandighede, skryf jou gedagtes neer en pas die waarhede op jou lewe toe:

 Galasiërs 5:25-26, Jakobus 3:14-16 en Efesiërs 4:1-3

Wat beteken dit om "in pas te bly met die Gees"? Hoe is dit 'n aktiewe proses? Hoe hou Paulus se waarskuwing teen hoogmoed en afguns (v.26) verband met die lewe deur die Gees?

Paulus waarsku in vers 26 daarteen om "verwaand te word, mekaar uit te lok en afgunstig te wees". Hoe belemmer hierdie gesindhede jou vermoë om in pas te bly met die Gees? Hoe kan jy teen dit waak?

Gebed



KLEINGROEPBESPREKING



Gebed



Lees: *Galasiërs 5:22-26*

Besprekingsvrae

Lees Galasiërs 5:22-23a en Kolossense 3:12-14. Waarom dink jy gebruik Paulus die enkelvoud "vrug" eerder as "vrugte" (Galasiërs 5:22)? Watter aspek van die vrug van die Gees vind jy die uitdagendste om in jou lewe aan te kweek? Hoekom?

Lees Filippense 2:5-8. Hoe weerspieël die vrug van die Gees die karakter van Jesus? Hoe kan ons toelaat dat die Heilige Gees hierdie eienskappe in ons ontwikkel?

Lees Galasiërs 5:24, Romeine 6:6-11 en Kolossense 3:5-10. Wat bedoel Paulus met "kruisiging van die vlees met sy hartstogte en begeertes" (Galasiërs 5:24)? Hoe kan ons dit prakties in ons daaglikse lewe toepas?

Lees Galasiërs 5:25-26 en Romeine 8:5-8. Hoe hou "om in pas te wees met die Gees" (Galasiërs 5:25) verband met die konsep van geestelike dissiplines? Op watter maniere kan ons mekaar bemoedig en ondersteun om die vrug van die Gees en lewende Gees-geleide lewens te kweek?

Sluit in gebed



DEO GLORIA



Glorify God -
Making God's glory known

COMMUNITY



Creating community -
Serving the community

CHURCH



A loving family of God
in Rockingham

WORD-BASED



The Bible is the
foundation of truth

CHRIST-CENTRED



Jesus is the centre
of our faith

SPIRIT INSPIRED



God's Spirit inspires us
to live and proclaim
His truth

DISCIPLE-MAKING



Journeyming together,
following Jesus in obedience